

GIELIE KRY SY BRUL...



DEUR JANA SNYMAN

KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER

Gielie kry sy brul...

“Woef-woef!”

Gielie loop op en af in die veld, moedeloos met homself. Hy is nou al twee jaar oud en hy kry dit nog steeds nie reg om te brul nie. Hoekom kan hy nie nes die ander leeus wees nie?

“Woeeeeef-woeeeeeeef!”

Nog steeds niks nie.

Gielie loop terug na waar sy ma en boeties onder die koelteboom lê, en plons moedeloos by sy ma se voete neer. Sy ma begin saggies sy maanhare lek, want sy weet haar jongste leubaba sukkel baie om sy brul te kry.

“Mamma, hoekom is ek nie soos die ander nie? Hoekom kan ek nie ook so hard soos hulle brul nie?” wil Gielie by sy ma weet.

Kietsie-kat, Gielie se ma, soek hulpeloos vir antwoorde in haar kop, maar weet nie meer hoe om Gielie te troos nie.

“Ai, Gielie...Mamma weet nie, dalk moet jy vir Oupa Uil gaan vra? Hy is tog die slimste van ons almal en dalk kan hy jou help?” antwoord Kietsie-kat en stoot teen Gielie se bene met haar kop.

“Toe, gaan vra hom en as hy nie weet nie, gaan vra dan tannie Nagtegaal om jou te help met haar stemoefeninge!”

“Jaaa-maaaaa,” sug Gielie terwyl hy traag die veld begin instap.

Dit is 'n mooi sonskyndag en soos Gielie aanstap na Oupa Uil se boomhuis toe, hoor hy hoe die sonbesies sing en die voeltjies fluit. Elkeen maak sy geluide so perfek, behalwe hy...Sy boeties sê dat hy nie 'n regte leeu is tot hy kan brul nie.

“Woef-woef-woef,” roep Gielie vir Oupa Uil toe hy voor sy boomhuis staan.

Gielie hoor 'n geskuifel en die geraas van vere toe Oupa Uil sy kop by die gat van die nes uitsteek. Sy vere is deurmekaar en sy brilletjie sit skuins of sy snawel.

“Gielie ou seun,” kraak Oupa Uil se stem. “Wat maak jy hier?”

“Ek wou kom hoor of Oupa Uil nie vir my raad het nie. Ek kan nog steeds nie brul nie! Hoor hier...”

“Woef-woef,” blaf Gielie uit die diepte van sy bors uit.

Oupa Uil trek sy brilletjie reg laag onder sy oë en kyk aandagtig na Gielie asof hy die antwoord in sy maanhare wil soek.

“Wel, ou seun, ek het al die druppeltjies en hoendertande wat ek het vir jou gegee en niks wil werk nie...Ek dink dis tyd dat jy dokter Pajamadonkie gaan sien en kyk of hy nie dalk ander medisyne het wat jou kan help nie,” sê Oupa Uil.

“Dankie Oupa Uil,” sê Gielie sugtend en draai om op pad om vir dokter Pajamadonkie te gaan hulp vra.

Terwyl Gielie deur die veld loop probeer hy elke nou en dan sy brul oefen, maar al wat uitkom is ’n blaf. Hy loop tot by die oop, groen veld en gaan staan vir ’n oomblik stil. Hy moet altyd baie hard konsentreer om dokter Pajamadonkie uit te ken, want sy hele familie lyk soos hy.

“Woef-woef-woef,” blaf Gielie in die hoop dat dokter Pajamadonkie hom sal sien. Santie, sy dogter, draai om en wys vir Gielie met haar kop waar haar pa oorkant in die veld besig is om sy daaglikse grasvitamiene te eet.

“Dokter Pajamadonkie?” roep Gielie.

“A, Gielie! Hoe gaan dit vandag?” vra die dokter met ’n mond vol gras.

“Wel, dokter, ek wou weet of jy my dalk kan help om my brul reg te kry? Hoor hoe klink dit...”

“Woef-woef,” blaf Gielie sodat dokter Pajamadonkie sy probleem kan hoor.

“Mmmmm... Ek dink nie ek het al so iets gehoor nie. Al die diere in die diereryk kan hulle geluide maak. Dalk moet jy net meer oefen, Gielie,” antwoord dokter Pajamadonkie hom. “Jy kan ook vir tannie Nagtegaal gaan vra om jou te help. Sy het die mooiste stem, so sy kan saam met jou oefen.”

Diep teleurgesteld stap Gielie verder met die grondpad aan op soek na tannie Nagtegaal. Mens weet nooit waar sy wegkruip nie, want sy is bekend daarvoor dat sy graag ander afluister en dit dan vir die hele diereryk gaan vertel. Sy beter net nie vir almal vertel dat hy wat Gielie is blaf en nie brul nie.

“Woef-woef!” blaf Gielie die vlaktes in, met die hoop dat tannie Nagtegaal hom sal hoor.

“Hierts, ou Gielie, wat maak jy hier?” hoor hy tannie Nagtegaal hier bokant hom roep.

“Hallo tannie. Ek kort tannie se hulp met iets...” sê Gielie.

“Twiet-twiet,” laat tannie Nagtegaal hoor.

“Woef-woef,” antwoord Gielie terug.

Tannie Nagtegaal vlieg amper in die boom voor haar vas toe sy hoor hoe Gielie blaf. Sy gaan sit op die tak, skud haar vere reg voor sy begin praat.

“My aarde, Gielie! Watse geblaf-blaf is dit met jou?”

Gielie voel hoe sy bruin pels sommer dadelik rooi word. Hy het geweet hy moenie hulp vra nie, wat help dit tog?

“Dis hoekom ek tannie se raad nodig het... Weet tannie nie dalk hoe ek my blaf in ’n brul kan verander nie?” vra Gielie.

“Nou vra jy my vas! Ek kan jou net help as jy jou brul wil dieper maak, maar ek is nie ’n towenaar wat jou blaf ’n brul kan maak nie!” antwoord tannie Nagtegaal.

Arme Gielie is so moedeloos dat hy sommer net daar onder die boom gaan lê. Hy weet regtigwaar nie meer na wie toe om te gaan om hom te help nie!

“Dalk moet jy probeer om met Mollie die toktokkie te gaan praat? Ek het net nou die dag gehoor hoe sy vir ou Sandra die slang gehelp het om haar ‘ssssss’ beter te kan uitspreek sodat almal banger vir haar kan wees,” skinder tannie Nagtegaal al te lekker.

“En as sy my nie kan help nie? Wat dan?” vra Gielie moedeloos.

“Dan moet jy maar vir die res van jou lewe blaf,” sê tannie Nagtegaal voor sy haar vere skud en wegvlieg.

Gielie kyk hoe tannie Nagtegaal wegvlieg voordat hy weer begin wegstap. Hy het besluit dat Mollie die toktokkie sy laaste hoop is, anders gaan hy maar vir hom ’n ander familie soek wat ook kan blaf.

Mollie die toktokkie bly onder aan die voet van ’n ou kremetartboom. Haar huisie is in die grond en jy moet jou poot drie keer om haar gat se ingang vryf en die wagwoorde – “toktokkie-toktokkie waar is jy?” gebruik voor Mollie uitkom.

Gielie gaan staan voor die gat en vryf drie keer met sy poot om die opening, terwyl hy die wagwoorde herhaal. Nie lank daarna nie sien hy die groot, vet kewe uit die gat uitwikkel. Haar stertkant is baie vet en sy sukkel om haar boude by die gat uit te kry.

“Ou Gielie, wat maak jy by tannie Mollie se huis, ou seun?” vra Mollie die toktokkie terwyl sy na hom opkyk.

“Tannie Mollie is my enigste hoop,” pleit Gielie. “Ek kort iemand wat my kan help om my blaf in ’n brul te verander! Hoor hoe klink dit,” sê Gielie voor hy begin blaf.

“Woef-woef-woeffff,” blaf Gielie, sodat die arme Mollie behoorlik moet vasklou aan die grashalmpie voor haar voordat sy asem haar holderstebolder omwaai.

“Sjoe, Gielie, jy het darem ’n ordentlike blaf aan jou,” sê Mollie, terwyl sy haar boude skud.

“Sal tannie Mollie my kan help? Niemand anders kan meer help nie...” laat Gielie hartseer hoor.

Mollie die toktokkie sien hoe mismoedig Gielie lyk. Hoe op dees aarde kry ’n leeu dit reg om te blaf, wonder sy.

“Ek wens ek kon jou help, Gielie, maar hierdie siekte van jou is volksvreemd vir my. Ek dink jy moet maar eerder aanvaar dat jy vir altyd ’n blaffende leeu gaan wees.”

Terwyl Gielie laatmiddag terugstap na sy ma en sy broers toe kan hy nie die trane keer nie. Hoekom kan hy nie ook normaal wees en soos sy boeties brul vir alles nie?

“Hiert jy, ou grote” hoor Gielie ’n stem.

Gielie gaan staan stil en kyk na die sand en veld langs hom om te sien of dit nie dalk weer tannie Nagtegaal is wat kom moeilikheid soek nie. Sy het seker al teen die tyd die hele diereryk vertel van sy blaf. Tog sien Gielie niks...

“Stoppsss, jy gaan oor my loop, man!” hoor Gielie die benoude stem.

Gielie gaan staan botstil en trek sy oë op skrefies. Hy sien sowaar niks.

Hy kyk mooi hier onder sy voete, maar sien nie eens vir tannie Mollie die toktokkie nie.

Wat kan dit wees?

Wat volgende gebeur kan selfs nie eers Gielie oorvertel sonder om te hinkel nie.

Op daardie oomblik sien Gielie ’n vreemde voorwerp hier reg voor sy voete. Dit lyk amper soos die sand, maar is stadig besig om van kleur te verander. So waar as wat sy naam Gielie is, is die glibberige draak hier voor sy voete besig om in rooi en geel hale op sy skubberige vel uit te slaan ... en net daar en dan laat Gielie een groot geluid agter sy keel uit los.

“Rrrrooooo-aaaaaaa-rrrrrrrr, rrrrr-oooo-aaaaarrrr”, brul Gielie van die skrik! Hy is skoon spierwit geskrik.

“Dis nie nodig om so te brul nie,” laat die glibberige gedierte van hom hoor. “Duidelik het jy nog nooit ’n verkleurmanneltjie gesien nie. Gmmpf!” sê hy en stap stadig oor die sand verby Gielie.

Meteens sink dit by Gielie in. Hy het gebrul! Ja, sowaar! Hy het gebrul!

“Het jy nou net gesê ek moenie so hard brul nie?” vra Gielie ongelowig.

“Is jy doof, dom of albei?” vra die verkleurmanneltjie snipperig. “Natuurlik het ek dit gesê...”

“As jy nie so vreemde gedierte was nie, het ek jou gesoen,” sê Gielie vir die verkleurmanneltjie.

Die verkleurmanneltjie steur hom nie meer aan Gielie nie en loop die veld in.

“Luister almal van die diereryk, hoor ek kan tog brul!”

En met ’n harde oorverdowende geluid laat Gielie die grootste, hardste brul los.

“ROOO-AAAAA-RRRRRR”

Tevrede met sy mooi brul, stap Gielie vinnig huis toe om vir sy ma en broers te gaan wys hoe hard hy uiteindelik kan brul.

En van daardie dag af, as enige van die diere sukkel om te praat, stuur Gielie hulle na die glibberige draak toe wat almal se blaf in ’n brul kan verander.